

INLEIDING

Oor die algemeen het die leerders goed gevaar, alhoewel sekere gedeeltes nog problematies is.

KOMMENTAAR VRAAG-VIR-VRAAG

1.1.1 Interpretasie van die diskriminant is 'n probleem.

$\Delta = \sqrt{140}$ impliseer dat die wortels irrasionaal is omdat 140 nie 'n volkome vierkant is nie.

1.2.4 Die waarde van die RK moet eers bepaal word.

$$|4 - 8| = +4$$

1.2.5 Jy mag nie in 'n ongelykheid met 'n onbekende veranderlike vermenigvuldig nie. Neem alle terme na eenkant en behou die breuk.

2.1.4 Benoeming van grafieke op die skets is baie belangrik! Veral indien grafieke oorvleuel!

2.1.5 Baie kandidate het nie besef dat die twee grafieke oorvleuel nie. Die oplossing is: $x \geq 2$

2.1.6 Simmetrie is problematies!

2.2.5 Gebruik die grafieke om hierdie vrae te beantwoord en nie Delta nie! Gebruik die lyn $y = k$ (lyn ewewydig aan die x -as) om hierdie vraag te beantwoord.

Oplossing: $-4 < k < 5$

2.2.6 Bepaal die positiewe heeltallige waardes van t wat die diskriminant 'n volkome vierkant sal maak: $t = 1, 4$ or 5

2.3 Onthou: grafiek wat in graad 10 onderrig word, mag gevra word.

4.1.2 Die vorm van f impliseer dat $a > 1$.

a word ook 'n reële getal wees en nie slegs 'n heelgetal nie.

Hoe groter die waarde van a , hoe steiler die grafiek.

oplossing is dus: $1 < a < 5$

4.2 Wanneer 'n bewys gevra word, begin aan die eenkant en bewys die anderkant. MOENIE dit soos 'n vergelyking hanteer nie!

5.1 Alle stappe moet in formele bewyse getoon word..

5.3.2 Vir 'n reeks om te konvergeer moet $|r| < 1$ en die toetsing daarvan moet getoon word.

- 5.5 Term 4 word bepaal deur $S_4 - S_3$.
- 6.1 leerders verstaan nie die begrip gemiddelde gradiënt en 'n gradiënt by 'n punt nie.
- 6.2 $\frac{d}{dx}[2g(x) + h(x)] = 2g'(x) + h'(x)$!!!!!!!
- 7.2 Die eenheid by die antwoord is rand per hemp..
- 7.3 $N'(x) = 0$ moet getoon word voordat jy vir x kan oplos. Die produk mag nie gedeel word deur 10 nie alhoewel die antwoord van die afgeleide gedeel deur 10 dieselfde antwoord sal gee.
- 8.3 Alhoewel (4 ; 4) die punt is waar die oplossing is, is die antwoord van die vraag: 4 landlyn fone en 4 selfone.
Netso is die oplossing van 8.4: 2 landlyn fone en 9 selfone.

ALGEMEEN

- Die instruksies vra dat die antwoorde PRESIES soos die vrae genommer moet word EN dat ALLE bewerkings getoon moet word! Baie leerders het onnodige punte verloor omdat hulle nie hierdie opdragte uitgevoer het nie.
- Ons beveel die gebruik van intervalnotasie, $(3;7]$, in plaas van $3 < x \leq 7$. aan omdat leerders nie die verskil tussen 'of' en 'en' ken nie.
- Leerkragte moet hulle leerders voorberei vir VOO georiënteerde vrae..